Pastoraat
in 'n
GEMEENSKAPSKERK

Ronell Bezuidenhout

Om oor 'n onderwerp soos "pastoraat binne 'n gemeenskapskerk" (of "gemeenskapsgerigte pastoraat") te skryf, impliseer dat daar duidelikheid is oor wat "pastoraat" en ook "'n gemeenskapskerk" is. Dit is onmoontlik om hierdie konsepte na behore te beskryf met 'n beperkte woordtal vir hierdie artikel. In kort dus, onder hierdie terme verstaan ek dat,

1 pastoraat die voortsetting is van Christus se sorg aan mense deur medemense wat omgee vir mekaar. Pastorale sorg is nie terapie nie. Dit is ook nie "maar net" 'n platoniese vriendskap nie. Dit het ten doel om mense te bemagtig om in hul eie lewens te groei tot heelheid van elke faset van hul menswees, in die besonder 'n versterkte bewuswees van God in elke faset van hierdie menswees. Individuele heelheid is egter nie die doel op sigself nie, maar wel gerig tot die herstel van 'n gebroke wêreld.

2 'n "gemeenskapskerk" die enigste organisasie is wat bestaan ter wille van nie-lede (om Bonhoeffer se beskrywing van die kerk effe te buig). Dit is 'n gemeente wat in die eerste plek fokus op die nood van die gemeenskap as "nie-lede". Juis daarom word gemeentelede toegerus en geestelik versorg met die oog op hul roeping in die gemeenskap.

Ds Ronell Bezuidenhout is die Pastorale Direkteur by Fontainebleau Gemeenskapskerk in Randburg.

Hoe lyk 'n pastorale bediening in 'n gemeenskapskerk? Die beste vertrekpunt vir hierdie vraag is om te verduidelik hoe my eie kop moes swaai van gemeentegerig na gemeenskapsgerig. Die konstante spanning tussen "die nood van die wêreld" en "… maar verdien gemeentelede nie ook aandag nie …" dwing 'n mens om 'n keuse te maak oor waar energie spandeer gaan word. Die behoefte van 'n gemeentelid is nie minder werd as dié van die onbekende medemens nie. Maar dis inderdaad ook nie meer werd nie! So moet die skuif van gemeenskapsgerigte versorging ook in die koppe van die gemeentelede plaasvind.

In die afgelope 14 maande het pastorale versorging in ons gemeente dramaties verander. Waar die gemeentelid in die verlede die predikant per afspraak kon sien (of selfs net "vinnig kon inloer" en 'n uur saam gesels oor 'n probleem), word 'n maksimum van 30% van my dag hiervoor beplan.[1] Elke gemeentelid het steeds toegang tot individuele versorging, maar dit word nie meer vanselfsprekend deur die predikant hanteer nie. Ander gelowiges wat as die versorgers van die gemeente toegerus is, tree hier in. Dit impliseer 'n voortdurende uitdaging aan beide predikant en gemeentelede – vir die predikant om nie in die strik te trap van 'n pastorale bediening wat na binne fokus nie en vir gemeentelede om nie pastoraat te vereng tot 'n persoonlike, individuele diens gelewer deur die pastor in 'n tyd van nood nie. Pastoraat raak die versorging van mede-gelowiges aan mekaar. Almal van ons sal instemmend daarop knik. Die vraag is hoe doelgerig dit toegepas word, veral wanneer lidmate "steeds die dominee wil sien" en dan moet verneem dat 'n mede-gelowige vir hierdie diens instaan. Word dit steeds deur die lidmaat as pastoraat gesien, of is dit "tweede beste"?

In ons gemeente maak ons ten volle gebruik van 'n pastorale versorgingspan wat uit vrywilligers bestaan. Die groep word gereeld aan die gemeente be-

[1] Mag ek maar hier ook bieg dat dit baie meer ideaal op skrif lyk as in die praktyk. Ten minste bly die ideaal iets om na te streef …

kend gestel (tydens eredienste, hetsy in persoon of, meer gereeld, in die gemeente se weeklikse kommunikasieblad, maar ook in die brosjure oor pastoraat wat aan elke gemeentelid versprei word). Die model behels dat elke pastorale aanmelding (met die instemming van die persoon) na 'n spanlid verwys word, wat dan indien nodig op 'n langtermynbasis by die persoon betrokke raak. (Interessant, geen gemeentelid het tot op hede geweier om na 'n versorger verwys te word nie.) Pastorale aanmeldings is nie net telefonies nie, maar veral via 'n e-pos versorgingsdiens. Elke e-pos word na 'n pastorale versorger verwys om op te volg en sonder uitsondering reageer mense positief om 'n afspraak na te kom met die versorger.[2]

As pastorale nood nou deur 'n mede-gelowige hanteer word, wat doen die predikant dan met sy/haar ekstra tyd? Soos genoem, my beplanning laat ongeveer 30% tyd toe vir gesprekke met gemeentelede (waarvan die meerderheid van hierdie gesprekke ook uitloop op verwysings na die pastorale span vir langtermyn opvolg). 'n Verdere 30% van my tyd word uitsluitlik gebruik vir toerusting en ondersteuning van pastorale versorgers. Hierdie toerusting behels werkswinkels aangebied deur "spesialiste" op 'n spesifieke terrein, maar is oorwegend gefokus op die spirituele versorging van mense wat by ander se nood betrokke is. Die ondersteuning van mense wat betrokke is by ander se pyn (hetsy dit mense is wat bloot 'n vriendin wat terminaal siek is gereeld vir chemoterapie neem, of dit vrywilligers is wat by gemeenskapsdiensaksies werk en of dit die pastorale span self is), het 'n volwaardige plek binne die gemeente gekry. "Ons versorg mekaar sodat ons ander kan bedien", raak die slagspreuk van mense wat by pastorale hulp betrokke is. So is daar vir pastorale versorgers hul eie ondersteuningsgroepe gestig.

Ondersteuningsgroepe is 'n kosbare medium waar 'n gemeenskapsgerigte pastoraat in die besonder 'n diens aan die gemeenskap kan lewer (veral vir die stadsmens wat so maklik geïsoleerd leef). Ons pastorale span identifiseer oorwegend die tipe ondersteuningsgroepe wat gevorm behoort te word, na aanleiding van die tipe pastorale aanmeldings wat hulle hanteer. Ondersteuningsgroepe word in die plaaslike media geadverteer en word oorwegend aangebied deur nie-predikante, verkieslik op 'n terrein weg van die kerksentrum. Ervaring het ons geleer dat 'n ondersteuningsgroep wat by die kerk aangebied word, slegs deur gemeentelede ondersteun word en nie deur mense "van buite" nie. Daarom is dit veel beter om 'n ondersteuningsgroep by 'n "neutrale" area (soos die biblioteek, 'n dokter se spreekkamers of 'n gemeenskapsaal) aan te bied. Die aard van so 'n ondersteuningsgroep is nie om gemeentelede te werf nie. Dit is inderdaad eerlik – emosionele ondersteuning aan mense wat deur 'n bepaalde gemeenskaplike probleem gaan. Professionele persone word gebruik as gesprekvoerders. Dit word vanuit 'n vakdissipline hanteer en nie eerstens vanuit 'n geestelike invalshoek nie. Teen die einde van so 'n ondersteuningsnetwerk word enige persoon wat belangstel, uitgenooi om deel te vorm van 'n groep wat dan hul "probleem" ook vanuit 'n Christelike vertrekpunt wil benader. Gewoonlik is dit 'n veel kleiner groep wat daarin belangstel en dan word "Fase 2" toegepas: 'n geestelike ondersteuningsnetwerk word gevorm.

Ondersteuning aan maatskaplike dienste is 'n verdere fokusarea van ons pastorale versorging vir die gemeenskap. 'n Groot deel van my pastorale verantwoordelikheid is die skep van netwerke waar areas geïdentifiseer word waar "mense met mense" werk, soos polisiesentra en mediese klinieke. Weer eens is hierdie versorging nie met 'n "agenda" om mense "in die kerk" te kry nie. Dit is 'n eerlike gebaar van waardering van 'n gemeente se kant af vir die diens wat hierdie mense in die gemeenskap doen (waarvan die gemeentelede deel vorm).

Opsommenderwys, gemeenskapsgerigte pastoraat het drie fasette:

- *om gelowiges te bemagtig om mekaar te versorg;*
- *om gelowiges te bemagtig om individue in die gemeenskap te versorg, en*
- *om die "skuiwe" te help maak van pastoraat as 'n fokus op die individu, na pastoraat as die heelmaak van die samelewing met die oog op God se Nuwe Wêreld.*

[2] Daar is die moontlikheid om hierdie e-posdiens uit te brei met meer bemarking in die plaaslike media, maar daarvoor sal meer personeel nodig wees om dit te hanteer.